DK LIED

LIEFDE BRING VERANDERING
IN ONS LEWE ELK GEBAAR
LIEFDE BRING VERANDERING
IN VERHOUDING TOT MEKAAR
LIEFDE LAAT ELK OOMBLIK LEEF
ELKE DAG OF NAG 'N LEEFTYD
JA, LIEFDE BRING VERANDERING
LAAT ONS LUISTER AS HY PRAAT
NIKS KAN HIERDIE LIEFDE IN ONS
OOIT WEER SKAAD

LIEFDE BRING VERANDERING
TYD IS KOSBAAR WOORDE TEL
LIEFDE BRING VERANDERING
HARTSEER DIEPER; SLAE FEL
LIEFDE KEER ONS WêRELD OM
EN VERLANGE DUUR VIR ALTYD
JA, LIEFDE BRING VERANDERING
DIT BRING VREUGDE DIT BRING PYN
NIKS KAN HIERDIE LIEFDE IN ONS
HART LAAT KWYN

SO DURF ONS DIE TOEKOMS AAN
IN GEMEENSKAP TOT MEKAAR
LIEFDE BREEK OOK HIER DIE BAAN
ALLE TWEESPALT OPGEKLAAR
LIEFDE MAAK ONS NEDERIG
AL ONS TWYFEL NOU VERGETE
JA, LIEFDE BRING VERANDERING
LEEF OF STERWE IN SY GLOED
HIERDIE LIEFDE BLY VIR EWIG IN ONS BLOED
HIERDIE LIEFDE BLY VIR EWIG IN ONS BLOED

Die Damesring